Induktiewe Bybelstudie

God se ewige, onfeilbare Woord is die handleiding vir jou ganse lewe en die induktiewe metode jou sleutel tot die verstaan daarvan. Die induktiewe metode lei jou direk na die Woord self, sonder die invloed van ander se begrip of interpretasie van die teks. Dit behels drie vaardighede: ***waarneming, interpretasie*** en ***toepassing.***

WAARNEMING *ontdek wat dit sê*

1 Begin met gebed
Gebed is dikwels die ontbrekende element van Bybelstudie. Jy is op die punt om die mees effektiewe Bybelstudiemetode wat tans bestaan te ontdek. Tog is dit sonder die werking van die Heilige Gees al wat dit kan wees—bloot 'n metode.

2 Vra die "5 W's en H-vrae"
Wanneer jy enige Skrifgedeelte bestudeer, oefen jouself daarin om die 5 W's en H-vrae te vra: **Wie, Wat, Wanneer, Waar, Waarom en Hoe?** Hierdie vrae is die boustene van noukeurige **waarneming**, wat noodsaaklik is vir akkurate **interpretasie**.

Die Induktiewe Benadering tot Merk



3 Merk sleutelwoorde en -frases. *(sien figuur langsaan)*
'n Sleutelwoord is 'n woord wat noodsaaklik is om die teks te verstaan. Sleutelwoorde en -frases word herhaal en kommunikeer wat die skrywer wou tuisbring toe hy die boek geskryf het. Let byvoorbeeld op dat Petrus die woord ***lyding*** drie keer in 1 Petrus 5 gebruik. Sleutelwoorde kan in kleur, met simbole of albei gemerk word.

4 Stel lyste op.
Om lyste op te stel is een van die mees leersame take wat jy kan verrig wanneer jy studeer. Lyste lig waarhede uit en beklemtoon belangrike begrippe. Byvoorbeeld, in 1 Petrus 5:2, 3 is 'n eenvoudige lys oor die rol van ouderlinge, aangetoon deur die genommerde items in die teks. Dit help om lyste op te stel van alle sleutelwoorde of -persone wat jy merk.

5 Let op kontraste en vergelykings.
Kontraste en vergelykings stel die leser in staat om wat hy leer, deur middel van hoogs beskrywende taal makliker te verstaan. Petrus vergelyk byvoorbeeld die duiwel met 'n brullende leeu in vers 8. Hy stel ook God se gesindheid teenoor trotsaards en nederiges.

6 Let op na verwysing van tyd.
Wanneer iets plaasvind werp dit dikwels lig op die werklike betekenis van 'n teksgedeelte. Die merk van verwysings na tyd, stel ons in staat om die verloop van gebeure reg te verstaan en help ons met akkurate interpretasie.

7 Let op alle geografiese verwysings.
Dit help dikwels om geografiese verwysings, waar gebeure plaasvind, te merk.

8 Merk alle gevolgtrekkings/samevattings.
Woorde soos "daarom," "want" en "om hierdie rede" dui 'n gevolgtrekking of samevatting aan. Onderstreep dit in die Skrifgedeelte.

9 Identifiseer hoofstuktemas.
Die tema van die hoofstuk fokus op die hoof-karakter, -lering of -onderwerp van die Skrifgedeelte. Temas kan gewoonlik afgelei word deur te let op die sleutelwoorde en/of lyste in 'n Skrifgedeelte. Probeer om die tema so bondig moontlik te stel. Gebruik egter die woorde in die teks—nie jou eie nie.

INTERPRETASIE *ontdek wat dit beteken*

Terwyl **waarneming** lei tot korrekte begrip van dít wat die Woord van God *sê*, is **interpretasie** die volgende stap wat ons help om te verstaan wat dit *beteken*. Neem die volgende riglyne in ag in jou strewe om die Woord korrek te interpreteer:

1 **Onthou: konteks is deurslaggewend.**
Indien jy 'n grondige fondasie deur waarneming daargestel het, moet jy bereid wees om elke teks in die konteks van omliggende tekste, Skrifgedeeltes en die Bybel in sy geheel, te oorweeg. Terwyl jy studeer, vra jouself: Is my interpretasie in ooreenstemming met die tema, doel en samestelling van die boek waarin dit voorkom? Stem dit ooreen met ander Skrifgedeeltes wat handel oor dieselfde onderwerp? Neem ek die historiese en kulturele konteks in ag? Moet nooit 'n teksgedeelte uit konteks aanhaal en forseer om te sê wat jý graag wil sê nie. Stel vas wat die skrywer bedoel het; moenie nog 'n betekenis toevoeg nie.

2 **Stel die volle raad van God vas.**
Met deeglike kennis van God se Woord sal jy nie maklik ander lering aanvaar wat gebaseer is op een of twee geïsoleerde tekste nie. Jy sal self in staat wees om te onderskei of 'n lering Bybels is, al dan nie. Deurweek jouself in die Woord van God; dit sal jou teen verkeerde lering beskerm.

3 **Onthou: Skrif weerspreek nooit Skrif nie.**
Onthou dat alle Skrif deur God geïnspireer is. Daarom weerspreek Skrif nooit Skrif nie. Soms mag jy dit egter moeilik vind om twee Skrifgedeeltes wat mekaar oënskynlik weerspreek, te verklaar, soos byvoorbeeld die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens. Moenie 'n lering tot 'n uiterste betekenis wat God nie bedoel, verdraai nie. Verootmoedig jou hart in geloof en glo sy Woord, selfs al is dit bo jou begrip of vir jou onverklaarbaar.

4 **Moenie jou oortuigings op vae, obskure Skrifgedeeltes baseer nie.**
'n Vae of obskure Skrifgedeelte is 'n teksgedeelte met onsekere betekenis, of wat moeilik verstaanbaar is. Aangesien hierdie gedeeltes moeilik is om te verstaan, selfs as die regte riglyne vir interpretasie gevolg word, moet hulle verkieslik nie as basis vir leerstelling dien nie.

5 **Interpreteer die Skrif letterlik.**
God praat met ons om die waarheid bekend te maak. Neem daarom die Skrif op sigwaarde—in die natuurlike, normale sin. Soek eers die duidelike lering van die Skrif, nie een of ander verborge betekenis nie. Verstaan en identifiseer beeldspraak en verklaar dit aan die hand van die beginsels wat daarvoor geld.

Neem die literêre styl van 'n teksgedeelte in ag. Byvoorbeeld, daar is meer beeldspraak en metafore in die poëtiese-en profetiese-literatuur as in historiese of biografiese boeke. Neem altyd die literêre styl van Skrifgedeeltes in ag tydens interpretasie.

Voorbeelde van die literêre style in die Skrif is: Histories–Handelinge, Exodus; Profeties–Openbaring, Jesaja; Biografies–Lukas; Didakties (Lering)–Romeine; Poëties–Psalms; Sendbriewe–Titus; Wysheidsliteratuur: Spreuke

6 **Soek na die enkele betekenis van die Skrifgedeelte.**
Doen moeite om altyd te verstaan wat die skrywer wou sê wanneer jy 'n Skrifgedeelte interpreteer. Moenie die teks verdraai om iets te beteken wat dit glad nie leer nie. Laat die teks self spreek, tensy die skrywer van 'n bepaalde boek aandui dat die teks meer beteken as die voor-die-handliggende.

TOEPASSING *ontdek die impak*

Die eerste stap in toepassing is om vas te stel wat die Woord van God oor 'n bepaalde onderwerp sê deur akkurate waarneming en korrekte interpretasie van die teks. Sodra jy verstaan wat die Woord van God leer, is jy dit aan God verskuldig om daardie waarheid te aanvaar en daarvolgens te leef.

Die Skrif leer ons altyd wat reg is, wys ons as ons verkeerd is, hoe om dit reg te stel en onderrig ons hoe om reg te lewe—sodat ons volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Timothéüs 3:16-17.

Vind uit wie in jou omgewing Induktiewe Bybelstudie doen. Skakel +27(0) 21 531 1836 of e-pos info@precept.org.za

Precept Ministries SA +27(0) 21 531 1836 www.precept.org.za

12.10